# 22 April 2024 - Lesing 294 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Slegte invloed van onryp siele vanuit die hiernamaals **–** 2/7/62

**NO: 8204** Die deur na die ligryk is gesluit vir al diegene wat in My nog nie hul Verlosser van sonde en dood gesien het nie, d.w.s. wat die Verlossingswerk van JaHshua Messias nie as sodanig erken en **dus ook My menswording in JaHshua** en gevolglik Myself nie erken nie.

En so sal julle ook kan begryp dat tallose siele die aarde verlaat en die ryk hierna binnegaan, **belas met hul oerskuld**, sodat hulle in die duisternis of in die skemering ronddwaal en hulleself **nog in die nabyheid van die aarde ophou,** dat hulle dikwels nie weet dat hulle nie meer op aarde lewe nie en hulleself weer deur mense sou wil uiter en daarom op allerlei maniere druk uitoefen op hulle. En so is julle ook 'n verklaring gegee vir die manier van handel van baie mense wat, **beïnvloed deur sulke siele, hulleself laat saamsleep om die slegste dade te verrig**.

En hoe nader die einde kom, des te sterker sal die invloed ook bemerkbaar wees, want steeds gaan mense dood op die aarde wat sonder geloof aan JaHshua Messias lewe en sterwe en daarom ook nie vry is van hul sondeskuld by hul binnegaan in die ryk hierna nie, wie hul slegte gedagtes en hulle wil wat nog na die teenstander gekeer is, saamneem na die "anderkant" en ook nog daardeur beïnvloed word **om op die mense druk uit te oefen wat aanpas by hul wese.**

**En so is die aarde omgewe deur 'n eindelose skare van die slegste geeste** wat geen ander doel ken as om al hul ondeugde en begeertes op die mense oor te dra en hulle wil te verswak en ook **d.m.v. gedagtes** op die mense in te werk, sodat ook in hulle weer die weerstand teen die Goddelike Verlosser sterker sal word en hulle almal in die grootste gevaar verkeer, om alle geloof wat nog aanwesig is, te verloor, wie nou twyfel en hulleself afkeer van JaHshua Messias en **daarom in die diepste duisternis bly en so binnegaan in die ryk hierna.**

Kan julle dit nou begryp waarom Ek steeds en steeds weer die mense aanspoor om die weg na die kruis te gaan en hulleself aan JaHshua Messias oor te gee en Hom te vra om versterking van hulle wil, om vergewing van skuld en hulp in die stryd teen die teenstander om van hom vry te word?

Ek wil die mense maar net in kennis stel dat hulle **geketting is deur hulle groot skuld van die afval van My** en dat hulle **nie alleen hierdie kettings kan verbreek nie**, maar slegs met **die hulp van die Goddelike Verlosser** vry kan word uit sy mag.

En dit is die doel van hul lewe op aarde, maar die mense weet weinig of niks daarvan nie en omdat hulle kort voor die einde staan, verkeer hulle in die grootste gevaar **om onverlos van hierdie wêreld te vertrek en dus onverlos die ryk hierna binne te gaan,** waar dit vir hulle baie moeilik sal wees om JaHshua Messias te vind, ofskoon dit dan ook nog moontlik is. Maar solank dit moontlik is dat mense nog op aarde die kennis oor die Goddelike Verlosser kan toekom, sal die hele ligwêreld hulle daarvoor beywer en binne My Wil hul invloed uitoefen om die mense daaroor opheldering te verskaf en Ek sal Self daardie kennis na die aarde stuur, sodat die mense in alle waarheid opheldering verkry oor JaHshua Messias en Sy missie en sodat hulle hullesef in vrye wil na Hom toe kan keer. Want dan eers sal hulle in Hom Myself sien en My erken en gevolglik ook bewustelik die weg terug na My gaan, wat na die huis lei, terug na die Vaderhuis.

En daar sal ook baie siele in die ryk hierna die onderrigting volg **wat Ek Self aan die mense op aarde gee wat bereid is om vir My en My ryk te arbei**. En daardeur kan ook vir hierdie siele 'n lig ontsteek word, wat ook vir hulle aan die anderkant die weg omhoog kan verlig en makliker maak, sodat ook hulle die waarheid oor JaHshua Messias en Sy werk van erbarming kan verneem en hulle hulleself nie meer afwysend sal opstel nie, inteendeel uit die duisternis tot Hom roep om redding, wat hulle ook verseker ten deel sal val.

En julle mense kan die werk van verlossing ondersteun, **deurdat julle aan die oorledenes dink en ten gunste van hulle bid en julle self aan hulle die evangelie (van die liefde) voorlê**, deurdat julle hulle aanspreek en aan hulle opheldering verskaf oor JaHshua en hulle na Hom verwys, wanneer hulle hulleself in duisternis bevind of in geestelike nood.

En hulle sal aan julle gehoor skenk **omdat alle moeite wat in liefde gedoen word, weldadig deur hulle ervaar sal word.** En hulle sal ook hulle wil verander en hulleself bewustelik tot JaHshua wend, Wie hulle nou ook herken as Verlosser in Wie Ek My Self op aarde beliggaam het om deur julle mense herken en erken te word. **En hulle sal nie verlore gaan nie, maar tot lewe kom,** die lewe wat vir ewig voortduur. Amein.